

## IN MEMORIAM

---

During the first quarter of 2013 two eminent Dutch legal historians died within two weeks of each other. Professor Tom de Smidt of the University of Leiden (and Amsterdam) passed away on 17 February and Professor Robert Feenstra of the University of Leiden on 2 March. Both of them had special ties with South Africa and will be greatly missed, as the following tributes will attest.

### **Tom de Smidt (1923-2013)**



On 17 February 2013 Tom de Smidt, a friend of all legal historians in South Africa, died in Haarlem (Netherlands) at the age of eighty-nine after a short illness. Because of the Second World War he could only start his academic studies in 1945 and studied law in Leyden from 1945 until 1950. Professor HWFD Fischer asked him to become his assistant in 1947. With Fischer as supervisor he completed a doctoral thesis on the role of custom after codification and successfully defended it in 1954. The dissertation was part of a project of the Royal Netherlands Academy of Arts and Sciences initiated by Professor Meijers (1880-1954). He was subsequently appointed as a Registrar of the Parliamentary Committee for Justice, and while in that post he was involved in the very beginnings of the parliamentary debate on the New Dutch Civil Code. Two years later he became a professor of legal history and introduction to jurisprudence at the University of Amsterdam at the youthful age of thirty-two. Nine years later, after the unexpected death of his “Doktorvater” Fischer in 1964, he was also appointed as a full professor of Dutch legal history at Leiden University. However, like Fischer, he kept a part-time chair at the University of Amsterdam until his retirement from both universities in 1988. In this way he was able to fulfil important tasks: at the University of Leiden, together

with Robert Feenstra (who died two weeks after him), he taught the very extensive first-year course in legal history that was still compulsory at that time. In Amsterdam he remained responsible for an optional course in Dutch legal history for advanced students, combined with an ambitious research project: the publication of abstracts of the decisions of the Great Council of Malines, whose archives he had rediscovered in the Royal Library in Brussels in 1948. In similar vein he gradually published the so-called *Memorialen Rosa*, the papers of the secretary of the Court of Holland in the fifteenth century, started by EM Meijers and AS de Blécourt in 1929. He further concentrated on two other areas of research: first, the history of Roman-Dutch law in the former Dutch colonies and possessions overseas, which brought him into contact with South Africa and its universities. He visited the country several times, his first visit being in 1977. The second topic he researched was the history of the codification process at the end of the eighteenth and the beginning of the nineteenth centuries, which linked with his own doctoral thesis and with his work as a Registrar. Twenty-four doctoral theses were published under his direction, an absolute record. He further initiated studies on the history of fiscal law and in 1963 he founded the NCRD, a centre of documentation for legal history in which all Dutch universities collaborated. He was also the president of the Council for the Dutch Archives for many years. Tom de Smidt had high honours bestowed on him in the Netherlands and in Belgium and in 2001 received an honorary doctoral degree from the University of Potchefstroom. He published several important books and a whole range of articles. (For a provisional list of his publications see *Miscellanea forensica historica* at 10-20.) On his retirement a *Festschrift* was published in his honour in Amsterdam: *Miscellanea Forensica Historica* edited by JMI Koster-van Dijk and A Wijffels (Amsterdam 1988); and another in Leiden: JMJ Chorus *et al* (eds), *Tombola – Acht rechtshistorische loten aangeboden aan J.Th de Smidt, ter gelegenheid van zijn afscheid als hoogleraar in het oudvaderlands recht aan de Rijksuniversiteit te Leiden* (Leyden, 1988). On his eightieth birthday he was offered another collection of studies: *TOMeloos actief, Vijf opstellen ter gelegenheid van de tachtigste verjaardag van J.Th. de Smidt, 19 december 2003* (Leyden, 2003). He will be remembered for his astute scholarship, kindness, helpfulness and his extraordinary talent for the organisation of research projects. In his three particular fields of research he surely will be quoted for centuries to come. (An interview with Tom de Smidt featured in the Dutch review (2004) 6 *Pro Memorie – Bijdragen tot de rechtsgeschiedenis der Nederlanden* at 312-329. Interviewers were Paul Nève who took his doctoral degree with him in 1972, and Theo Veen).

All legal historians are grateful for the work he has done.

Laurens Winkel  
Amsterdam/Rotterdam

\*\*\*\*\*

Professor Tom de Smidt, wat in 2001 ‘n eredoktorsgraad van die Fakulteit Regte van die Noordwes Universiteit ontvang het, is op 17 Februarie 2013 in die ouderdom van nege-en-tagtig jaar oorlede. Jacobus Thomas de Smidt is in 1923 te Haarlem, Nederland, gebore. Hy studeer regte aan die Universiteit van Leiden en behaal die graad Doctor Iuris in 1954. Hy dien vanaf 1956 tot 1965 as professor ordinarius in Romeins-Hollandse reg aan die Universiteit van Amsterdam en vanaf 1965 tot 1988 as professor ordinarius in Oud-Vaderlands recht aan die Universiteit van Leiden. In 1965 word hy ook aangestel as professor extraordinarius aan die Universiteit van Amsterdam. Hy dien vanaf 1968 tot 1974 as President van die Raad op Argiefdienste in Nederland. Na sy aftrede het hy aktief by navorsing betrokke gebly en het hy wêreldwyd voordragte by kongresse gelewer en gaslesings aan verskeie Europese universiteite gegee.

Verskeie onderskeidings is aan hom toegeken – in 1974 word hy aangewys as Officier in de Orde van Oranje Nassau, in 1981 as Officier in de Kroonorde van België, in 1985 as Ridder in de Orde van de Nederlandse Leeuw, in 1988 as Commandeur in de Orde van Leopold II van België en in 1988 ontvang hy die Meijerspenning van die Universiteit van Leiden se Faculteit der Rechtsgeleerdheid.

Hy was die outeur van meer as een honderd tydskrifartikels en boeke oor die Romeins-Hollandse reg. Hy lewer ses-en-twintig doktorsgraadstudente gedurende sy leeftyd af. Soos dit in sy afskeidsbundel by sy aftrede in 1988 gestel is, het hy aan “tallose studente de beginsels van het recht, de geschiedenis van de rechtsidee en die van het publiek en privaatrecht gedoopt”. Hy was nie alleen ‘n uitmuntende dosent nie maar is ook wêreldwyd as een van die voorste regshistorici van sy tyd gereken.

Professor De Smidt kan algemeen in Nederland, België, Duitsland en Suid-Afrika beskou word as een van die suksesvolste projekteleiers op die gebied van interinstitusionele en internasionale regshistoriese navorsing. Hy was onder meer sedert die vroeg tagtigerjare tot 1999 (toe die projek afgeloop het) inisieerder en ‘n aktiewe lid van die Kaapse Regspraakprojek 1795-1828. Die projek het ten doel gehad om die Kaapse hofsake vanaf 1795 tot 1806 te ontsluit en toeganklik te maak. Die navorsingsgroep het bestaan uit lede van die destydse Universiteit van Potchefstroom, die Universiteit van die Wes-Kaap en die Universiteit van Leiden. Professor De Smidt het dié navorsers argiefontsluitingstegnieke geleer en ‘n nuwe geslag regshistoriese navorsers opgelei. Ongeveer drie duisend hofsake is in dié belangrike tydperk van die Suid-Afrikaanse regsontwikkeling ontsluit. Verskeie publikasies oor die projek het uit sy pen verskyn. Hy en sy kollega dr Heleen Gall het heelwat probleme in Nederland ervaar vanweë hulle deelname aan dié projek en omdat hulle in Suid-Afrikaanse regstydskrifte gepubliseer het. Dit het hom egter nie daarvan weerhou om te volhard om die groter saak van regshistoriese navorsing te bevorder nie.

Hy was deur die jare aktief betrokke by Suid-Afrikaanse studente wat aan die Universiteit van Leiden studeer en navorsing gedoen het. Selfs in die jare van die akademiese boikot teen Suid-Afrika het hy nie geskroom om aan hierdie studente leiding en geleentheid vir navorsing te bied nie.

Professor De Smidt was ‘n persoon van onkreukbare integriteit. Sy meelewing met sy medemens en die empatie wat hy deur die loop van jare aan die dag bly lê het vir kollegas, studente en mense in nood, het van hom ‘n uitsonderlike mens gemaak. Sy lojaliteit

en opregtheid teenoor vriende, kollegas en studente was deur almal wat Tom de Smidt geken het, as onbetwyfelbaar aangeslaan. Ook in sy verhouding met sy gesinslede het hy bogenoemde eienskappe openbaar en dit het op deurlopende wyse uitdrukking gevind in 'n gesin waar onderlinge lotsverbondenheid en omgee uiters belangrike kenmerke was. Sy vrou Marijke het hom twee jaar gelede ontval.

Sy oudstudent, Professor Arthur Elias, som Professor Tom de Smidt se bydrae soos volg op:<sup>1</sup>

Hoe kan je Tom de Smidt in die lange periode als hoogleraar het best typeren. Hij wist in die jaren eigenlijk vier aspecten in zich te verenigen. Het zijn van schoolmeester, zoals hij zichzelf placht te noemen, een voortreffelijk wetenschapper, de man van de archieven: het Nationaal Archief was een vaste plek van bezoek. Daarnaast kan je hem een wetenschapsmanager noemen. In die hoedanigheid wist hij niet alleen zelf veel uitstekend werk te verrichten, maar ook anderen te inspireren. Ik noem hier de omvangrijke projecten als de Grote Raad van Mechelen, Memorialen Rosa, de codificatie geschiedenis en alles wat met het Recht over Zee te maken heeft. Tot het einde van zijn leven is vooral dit laatste onderwerp hem blijven boeien. Zo was hij nog steeds druk bezig met de voorbereiding van een uitgave betreffend de kust van Guinee.

In dit verband kan ook zijn liefde voor Zuid-Afrika niet onvermeld blijven. Zowel zijn wetenschappelijke contacten, maar ook de liefde voor het land en de mensen.

Die Suid-Afrikaanse wetenskaplike regshistoriese gemeenskap sal Tom de Smidt, die mens en regswetenskaplike, mis. Sy regsnaatskap sal egter lank bly voortbestaan.

Willemien du Plessis  
Noordwes Universiteit, Suid-Afrika

\*\*\*\*\*

1 <http://www.law.leidenuniv.nl/nieuws-2013/oud-hoogleraar-de-smidt-overleden.html> (geraadpleeg 1 Mrt 2013).